Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

AFRIKAANS HUISTAAL V1 MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING en ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter aanvaar EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Terreur	(1)
1.2	Noue ontkomings √ en voorvalle waarin passasiers beseer is, moet ook in ag geneem word. √	(2)
1.3	Lughawesekuriteitrisiko's word uitgelig as moontlike oorsake van die neerstort van vliegtuie wat eerstens die keuring van lughawepersoneel uitwys, √ (veral in Egipte met EgyptAir waar swak keuring plaasvind). Veiligheidsbeheerpunte funksioneer nie goed genoeg nie. √ Gevaarlike artikels is nie onderskep nie. √ Veilige gebiede is binnegedring √ (deur die geheime staatsagente in ŉ poging om die lughawerisiko's uit te wys). *Die kandidaat kan enige DRIE feite aanbied vir EEN punt elk.*	(3)
1.4	Voorvalle wat wel gevaar insluit, is kritieke hoogteafwykings tydens vlugte √ Brandstofbestuurkwessie tydens vlugte √ Rook en brand in die kajuit tydens vlugte √ Onverwagte weerstoestande √ Meganiese probleme √ Moeë bemanningslede √ Die mediese geskiktheid van vlieëniers √ *Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* Dit veroorsaak dus amperse lugbotsings. √	(3) (1)

1.5	Data word versamel deur die FAA se *Aviation Safety Report Administration System* dus sou mens verwag dit betroubaar is. **OF** Die data word verkry van selfaangemelde voorvalle, dus is dit nie betroubaar nie. *Kandidaat kan soortgelyke motiverings vir EEN punt aanbied.*	(1)
1.6	Die oorsake van nie-noodlottige voorvalle kan net sowel noodlottige voorvalle veroorsaak./ Statistieke oor vliegongelukke is nie volledig nie. *Kandidaat kan enige soortgelyke motivering vir EEN punt bied.* *Kandidaat moet sy/haar eie woorde verskaf en nie direk aanhaal nie.* *Direkte aanhaling kry GEEN punt nie.*	(1)
1.7	Die *FAA* slaan toe op maatskappye wat nie aan die regulasies voldoen nie √ deur hulle te beboet. √	(2)
1.8	Een van hul vliegtuie het 120 vlugte onderneem voordat skade a.g.v. 'n lugdrukdalingsvoorval ondersoek is. √ Hulle is die vorige jaar ook beboet omdat hulle nie gereelde onderstel-inspeksies na elke 6 700 vlugte onderneem het nie. √	(2)
1.9	Hulle moet toesien dat gereelde inspeksies/instandhoudingsprosedures gevolg word. √ Die nodige reaksie op 'n gegewe voorval moet in werking gestel word soos deur protokol vereis. √ Gevaarlike vrag moet identifiseer word. √	(3)
1.10	Ongeruimdhede vind dikwels plaas voor die vliegtuig in die lug is, so die veiligheidskultuur bestaan nie werklik nie – dit laat veel te wense oor! *Kandidaat moet beide vir EEN punt noem.*	(1)
1.11	Sarkasme	(1)
1.12	Vliegtuie gebruik toenemend tegnologie met gesofistikeerde stelsels en programme √ wat kuberkrakers kan binnedring. √ **OF** Kwesbaarhede √ met betrekking tot die inligtingstelsels wat lugverkeer beheer, word ondervind. √	(2)
1.13	Onversleutelde data word oor vliegtuigposisies uitgestuur.	(1)

1.14	TEKS B: Die persoon in die vliegtuigie maak asof die opleiding van vlieëniers nie so moeilik is nie en dat jy eers 8 keer 'n vliegtuig moes laat "val" het voordat jy as vlieënier kan kwalifiseer. √ TEKS A wys juis op die veiligheidsrisiko's verbonde aan vlieg en vliegtuie. √ *Kandidaat moet BEIDE noem. (0 of 2)*	(2)
1.15	Dit dui daarop dat Suid-Afrikaanse vlieëniersopleiding nie goed is nie en juis onder verdenking is.	(1)
1.16	Dit (die woord *CRASH)* word in vetgedrukte letters geskryf √ In hoofletters √ En in Engels met 'n uitroepteken √ Na die woord "CRASH" √ *Die kandidaat kan enige TWEE van die <u>motiverings</u> gee.* *Die Burger* se redaksie wou die kollig laat val / die leser se nuuskierigheid prikkel om verder te lees – die onrusbarende nuus van S.A. se vlieëniersopleiding. *Altesaam 3: (2) plus (1) vir Die Burger se redaksie = (3)*	(3)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- ❖ Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde, lees die sin tot aan die einde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Kopiereg voorbehou

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

Aanhalings uit die teks:	**Eie woorde:**
• **Raak bewus van jou gedagtes.**	Word bewus van jou gedagtes.
• **As jy 'n fout gemaak het of 'n slegte dag gehad het, moenie die gebeure oor en oor in jou kop laat afspeel nie.**	Moenie gedurig aan jou fout(e) of slegte dag dink nie omdat dit nie die probleem sal oplos nie.
• **Vra jouself af watter raad jy 'n vriend/vriendin sou gee wat so oor homself/haarself voel.**	Behandel jouself soos wat jy 'n vriend/vriendin sou behandel.
• **Ondersoek die getuienis.**	Herken en erken wanneer jou gedagtes te erg negatief is en ondersoek dit objektief en rasioneel.
• **Vervang oordrewe kritiese gedagtes deur meer akkurate, rasionele en realistiese stellings.**	Vervang die woorde "altyd" en "alles" in jou woordeskat met "soms" wanneer jy oordrewe kritiese gedagtes koester.
• **Deur jouself daaraan te herinner dat jy probleme, foute en taai tye kán hanteer, gee jy jou selfvertroue 'n hupstoot en help jy om die konstante stroom selfkritiek te stuit.**	Herinner jouself daaraan dat jy probleme, foute en moeilike tye kan hanteer, want dit gee jou selfvertroue 'n hupstoot en help om die selfkritiek te stuit.
• **Aanvaar jouself terwyl jy aan jou (werklike) probleemgebiede werk.**	Erken dat jy dinge het waaraan jy dalk kan werk en aanvaar jouself terwyl jy daaraan werk.

(65 woorde)

Paragraaf:
Word bewus van jou gedagtes. Moenie gedurig aan jou fout(e) of slegte dag dink nie omdat dit nie die probleem sal oplos nie. Behandel jouself soos wat jy 'n vriend/vriendin sou behandel. Herken en erken wanneer jou gedagtes te erg negatief is en ondersoek dit objektief en rasioneel. Vervang die woorde "altyd" en "alles" in jou woordeskat met "soms". Herinner jouself daaraan dat jy probleme, foute en moeilike tye kan hanteer, want dit gee jou selfvertroue 'n hupstoot en help om die selfkritiek te stuit. Aanvaar jouself terwyl jy aan jou foute werk. (83 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.

VRAAG 3

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Persone wat in (luukse) motors belangstel / liefhebbers van Duitse motors / lesers van dié tydskrif	(1)
3.2	Avontuurlustige (op soek na onverwagte/ongewone selfs gewaagde uitdagings) mense soek gereeld nuwe uitdagings en kan dus onrustig voorkom tot hulle nuwe avontuur opduik en dit hulle aandag opeis.	(1)
3.3	Doen wat jy wil, nie wat jy veronderstel was om te doen nie!	(1)
3.4	Moenie die avontuurlike Mercedes-Benz GLA ontmoet nie.	(1)
3.5	Nóú / NOU / Donker gedruk	(1)
3.6	Dit verwys na die aantekening in reëls 9 en 10 wat verdere inligting van die allewielstelsel aan die leser verskaf.	(1)
3.7	Sportnuts	(1)
3.8	In reël 8 maak die kopieskrywer gebruik van die woord "bobaas" wat die beste of wenner beteken.	(1)
3.9	Avonturier	(1)
3.10	Die Mercedes-Benz is die beste – geen ander voertuig kan hom klop nie.	(1)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Vraag	Antwoord		Punt
4.1	4.1.1	Om ’n onaangename (familie) geheim te hê.	(1)
	4.1.2	Om iemand ’n afgedankte pak slae te gee.	(1)
	4.1.3	John sou nie net met sy eie talente ’n Springbok kon word nie.	(1)
	4.1.4	Sy is geskok, angstig en soek hulp.	(1)
4.2	4.2.1	Angsaanval	(1)
	4.2.2	Wantrou	(1)
	4.2.3	Dis tipiese tienertaal	(1)
4.3	4.3.1	watter ander ouers ook hul seuns steroïede laat gebruik het.	(1)
	4.3.2	Hy sê (dat) hy dink hy bly toe /nou by ’n familielid.	(1)
	4.3.3	Assimilasie	(1)

[10]

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Las – Die las is swaar / Swaar om die las te dra / Die las van straf	(1)
5.2	Selfstandige naamwoord – abstrakte / s.nw.	(1)
5.3	Dolgelukkig**es**	(1)
5.4	Die redes hiervoor is dat **die** meeste mense geen benul het...	(1)
5.5	Minder	(1)
5.6	Hulle gee onmiddellik ongevraagde, ongekende aandag aan die persoon / persone wat die lotery gewen het.	(1)
5.7	Vergelyking	(1)
5.8	Wat my onmiddellik / dadelik / gister / daardie dag / vinnig / in die bus opgeval het.	(1)
5.9	Definieer	(1)
5.10	Moes dit dan nie een van die wonderlikste goed op aarde wees nie? / gewees het nie?	(1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou